

Joan Hambidge Vier gedigte vir Elisabeth Eybers
(1915–2007)

Sê groete vir Elisabeth Eybers (1915–2007)

Per palanquin, per palindroom,
per sms, per abuis, iets soos
‘n gedig na “poste restante”.
In ‘n somber eindjaar dalk ‘n dizain?
U hande was glo van altyd af onpaar,
tog kon u beelde goed boetseer.
Wie was Kontroleur de Laar?
Hoeveel verse reis ten slotte saam?
Per sms, immer iets soos perdalks,
per palindroom, per palanquin.

Elisabeth Eybers (1915–2007)

In dié omgekeerde teleskoop van verdriet,
registreer u beelde in ‘n sober tussentaal.
voetjie vir voetjie, stadig, langsaamaan
word u ‘n woordimmigrant in eensaamheid.
Hoe tel beelde ‘n mens tog uiteindelik af?
In ‘n brief aan my pos u ongebruikte seëls terug:
kruis of munt? Dalk jin en jang?
U skandeer hierdie proses as éénmalig:
háát gesprekke, palinodes of teensange.
(Verkies dus seëls sonder ‘n posstempel.)
Flink afgerig vir iets soos kil ironie,
word u meester van die pynlike prosodie.

4.12.07

Hierdie gedig is ‘n herdigting van die vers in *Lykdigte* (2000)

Elisabeth Eybers (1915–2007)

U het vér van ons gestaan
in 'n klein liniaalland,
op die Stadionkade, A'dam;
soms vererg, soms verras,
hoe jonges oor die einder
met u kalwers ploeg, ironies.
Só bly u een van ons
(naastenby, naderhand),
al dig u in 'n tussentaal:
immigrant én emigrant
– tegelykertyd, subiet –
opgevang óf gestulp
in 'n versus vir die niet.

Digteres as huisvrou

Vir Elisabeth Eybers

Altyd 'n Mr Delivery Boks teen die muur,
nooit 'n besoeker op die onvanpaste uur.

Agendavolle dae waardeer sy oorvol,
moerig van vergadering na vergadering tol.

Wasgoed wat deur haar Bosch-masjien swaai,
sewe stelle klere plus gymbroeke aan die draai.

Eksamenskrifte, e-posse, verslae op haar lessenaar,
('n Toring van Babel), neffens kritieke wat stof vergaar.

Tussendeur skryf sy gedigte stiekem wyl sy werk,
haastig beweeg van dead-line tot dit wat haar binneste versterk.

O muses, wees haar genadig:
laat haar maar parodies dig!